



**NWU**®

NORTH-WEST UNIVERSITY  
NOORDWES-UNIVERSITEIT  
YUNIBESITI YA BOKONE-BOPHIRIMA

## **WERKNEMERVERHOUDINGEBELEID**

<b>Verwysingsnommer</b>	3P_3.13
<b>Verantwoordelike uitvoerende bestuurder</b>	Uitvoerende Direkteur: Mense en Kultuur
<b>Beleideienaar</b>	Direkteur: Werknemer verhoudinge
<b>Verantwoordelike afdeling</b>	Werknemer verhoudinge
<b>Status</b>	Goedgekeur
<b>Goedgekeur deur</b>	Raad
<b>Datum van goedkeuring</b>	17 November 2022
<b>Datum van wysigings</b>	
<b>Hersieningsdatum</b>	November 2025:

## WERKNEMERVERHOUDINGEBELEID

### Aanhef

Teen die agtergrond van die droom om 'n internasionaal erkende universiteit in Afrika te wees, wat bekend is vir sy wetenskapsbeoefening, maatskaplike responsiwiteit en 'n sorgsaamheidsetiek, het die Raad van die Noordwes-Universiteit (NWU) hierdie beleid op 17 November 2022 aanvaar om die arbeidsverhoudinge met betrekking tot alle permanente, vastetermyn- en tydelike werknemers van die Universiteit te reguleer.

### 1 Vertolking en toepassing

- 1.1 Hierdie beleid moet vertolk en toegepas word op 'n wyse wat strook met die –
  - 1.1.1 Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, 1996;
  - 1.1.2 Wet op Hoër Onderwys, 101 van 1997;
  - 1.1.3 Statuut van die Noordwes-Universiteit (2017) (“die Statuut”);
  - 1.1.4 Wet op Arbeidsverhoudinge, 66 van 1995;
  - 1.1.5 Wet op Indiensnemingsgelykheid, 55 van 1998; en
  - 1.1.6 Wet op Basiese Diensvoorwaardes, 75 van 1997.
- 1.2 Die NWU se Gedragshandleiding sluit die volgende bylaes in, en moet gelees word onderhewig aan, maar as 'n integrale komponent van hierdie beleid:
  - A1. Dissiplinêre prosedure
  - A2. Prosedure in geval van drostery
  - A3. Prosedure in geval van skorsing
  - A4. Intoksikasieprosedure
  - A4. Prosedure vir fisieke visentering van personeel
  - A5. Rapportering van dade van oneerlikheid aan die SAPS
  - B. Prosedure vir die bestuur van ongeskiktheid
  - C1. Grieweprosedure vir werknemers
  - C2. Teisteringsprosedure

### 2 Beleidsverklaring

Dit is die beleid van die NWU –

- 2.1 dat arbeidspraktyke op 'n gestruktureerde wyse beplan en uitgevoer moet word;
- 2.2 dat lynbestuurders daarvoor verantwoordelik is om probleme met betrekking tot arbeidspraktyke te identifiseer in samewerking met die Werknemerverhoudingekantoor van die Departement Mense en Kultuur;
- 2.3 dat regverdige arbeidspraktyke gevolg moet word en daarop gemik moet wees om gedrag te korrigeer of om prestasie te verbeter en nie slegs om te straf of af te dank nie;
- 2.4 dat die *audi alteram partem*-reël nagekom moet word;

- 2.5 dat begrip verbeter moet word vir die probleme waarvoor bestuur en werknemers te staan kom, om sodoende produktiwiteit en welstand van werknemers te verhoog; en
- 2.6 dat daar op 'n konsekwente en prosedureel regverdige wyse met arbeidspraktyke gehandel moet word.

### **3 Leidende beginsels**

Die volgende leidende beginsels geld met betrekking tot arbeidspraktyke:

- 3.1 Alle werknemers en ander persone wat sake doen met die NWU moet billik behandel word.
- 3.2 'n Verbintenis om 'n effektiewe, doeltreffende, veilige en gesonde werksomgewing te handhaaf.
- 3.3 Gepaste stappe moet gedoen word waar werklike prestasie of gedrag nie ooreenstem met die beginsels, beleid en prosedures vir die handhawing van 'n gesonde, produktiewe en motiverende werksomgewing nie.

Alle werknemers moet bewus gemaak word van die reëls en prosedures wat op hulle van toepassing is indien vereiste standaarde en/of gedrag nie gehandhaaf word nie.

Oorspronklike gegewens: (11664754) P:\Policies\2022\3P\_3.13\Werknemerverhoudingebelig.docm  
22 November 2022

Huidige gegewens: (11664754) [https://nwucloud.sharepoint.com/sites/NWU\\_RAM-PFR/Shared%20Documents/General/Employee%20relations%20policy/2022/Ready%20for%20publication/Werknemerverhoudingebelig.docm](https://nwucloud.sharepoint.com/sites/NWU_RAM-PFR/Shared%20Documents/General/Employee%20relations%20policy/2022/Ready%20for%20publication/Werknemerverhoudingebelig.docm)  
22 November 2022

Verwysingsnommer: 3P\_3.13



**NWU**®

NORTH-WEST UNIVERSITY  
NOORDWES-UNIVERSITEIT  
YUNIBESITI YA BOKONE-BOPHIRIMA

## **WERKNEMERVERHOUDINGEBELEID**

<b>Verwysingsnommer</b>	3P_3.13
<b>Verantwoordelike uitvoerende bestuurder</b>	Uitvoerende Direkteur: Mense en Kultuur
<b>Beleideienaar</b>	Direkteur: Werknemer verhoudinge
<b>Verantwoordelike afdeling</b>	Werknemer verhoudinge
<b>Status</b>	Goedgekeur
<b>Goedgekeur deur</b>	Raad
<b>Datum van goedkeuring</b>	17 November 2022
<b>Datum van wysigings</b>	
<b>Hersieningsdatum</b>	November 2025: